

"U GOD IS MY GOD."

DIE STORIE VAN RUT

Tema: U God is my God...Die storie van Rut Episode 1: Die verlore familie

Inleiding:

Die storie van Rut in die Ou Testament is al genoem "A big little love story!" Daar is slegs 2 boeke in die hele Bybel wat na vroue vernoem is (Rut en Ester). Daar is net een enkele boek in die hele OT wat nie die naam van 'n Jood het nie, en dit is die boek Rut.


Storie van beweging en keuses:

In die opskrif van ons storie sien ons al klaar hoe hoofstuk 1 'n hoofstuk is van mense wat rondbeweeg as gevolg van hulle eie keuses. Die opskrif is: **UIT BETLEHEM NA MOAB TOE EN TERUG**

Die storie kom sê in vers 1 in watter tyd die verhaal afspeel en dit is geweldig belangrik om dit te verstaan want dit help ons om die storie te verstaan. Vers 1: "In die jare toe die rigters nog regeer het". Dit was 'n baie donker tyd in die geskiedenis van Israel want sê Rigters 21:25: "In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë".

Rigters 2:11-12: Die Israeliete het toe gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here; hulle het die Baäls gedien. Hulle het die Here, die God van hulle voorouers, wat hulle uit Egipteland laat wegtrek het, verlaat, en agter ander gode aangeloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was. Hulle het voor hulle in aanbidding neergebuig en die Here uitgetart.

Gedurende die Rigters tydperk vind ons die sogenaamde "sin circle" – die sonde sirkel. Die volk doen wat verkeerd is in die oë van die Here. Dan straf Hy hulle deur 'n vreemde volk. Dan bely hulle hul sonde en die Here rig 'n rigter, 'n leier op. Hy/sy verslaan die vyand en daar is weer voorspoed in die land. Net om maar weer 'n paar jaar later te verval in sonde, en die sirkel word weer herhaal.



Behalwe dat hulle dus 'n morele slegte tyd beleef het, was daar ook met die begin van die verhaal 'n hongersnood in Betlehem en dit is ironies want Betlehem beteken "die huis van brood". Elimeleg se naam beteken "My God is koning" maar dan neem by vir Naomi (sy vrou) en hulle 2 seuns en gaan na Moab, 'n heidense land waar afgode aanbid word, om na uitkoms te soek.

Hulle wou net tydelik daar bly maar dan vestig hulle in Moab en dan tref die een krisis na die ander hulle. Eers sterf Elimeleg en dan sterf hulle 2 seuns ook wat intussen met 2 Moabitiese vroue (Rut en Orpa) getrou het. Rut 1:5 sê vir ons: "Die vrou het alleen agtergebly, sonder haar twee kinders en sonder haar man".

Naomi bevind haar as 'n vreemdeling in 'n vreemde land met 2 skoondogters wat kinderloos en manloos is.

Covid en krisis:

Vandag nog beleef ons hongersnood, pandemies en moeilike tye. Gewoonlik is dit in tye van teenspoed wat ons vrae oor God begin vra. Dit is presies wat ook in ons storie gebeur. Vir die 1 ste 5 verse word die naam van God nie eens genoem nie, maar nou midde-in die krisis hoor Naomi dat God vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle brood te gee.

Sy neem in vers 6 die wonderlike besluit om terug te gaan na die beloofde land Betlehem. 'n Keuse wat haar en almal om haar sê lewens radikaal verander. Die storie wil ons ook kom uitnooi om te besef dit is nooit te laat om om te draai nie. Ons is Nuwe-Testamentiese gelowiges en ons leer Jesus ken as die een wat sê: "Ek is die brood van die lewe".

In die storie sien ons dan hoe Rut en Orpa verskillende keuses maak. Orpa kies om te terug te gaan na haar ou wêreld en haar afgode, terwyl Rut kies om saam met Naomi te gaan. Ons vind in episode 1 van ons verhaal een van die mees bekendste verse as Rut die belofte aan Naomi maak in Rut 1:16-17: "Maar Rut het geantwoord: "Moet my nie probeer dwing om u te verlaat nie of om van u af weg te gaan nie, [*prioriteit*] want waar u gaan, sal ek gaan, [*plek*] en waar u bly, sal ek bly. U volk is my volk, [*mense / people*] u God is my God [*voorsiener / provider*].¹⁷ Waar u sterf, sal ek sterf, en daar sal ek begrawe word. "Die HERE kan my maar swaar straf as ek nie woord hou nie: Net die dood sal ons skei."

Ons storie eindig met 'n lamp van hoop wat opgehou word in hierdie uiters moeilike tyd wat Naomi en Rut beleef. Rigters 1:22b: "Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes".

Toepassing:

Die verhaal van Rut is 'n verhaal van hongersnood en versorging, van hoop en desperaatheid, van romanse en moedeloosheid, van vreugdes en teenslae. Maar Rut is ook 'n storie binne-in 'n groter storie. 'n "Big little love story" van genade en die voorsienigheid van God.

'n Storie wat ons kom leer dat ons keuses geweldige gevolge het. Dalk het jy ook al keuses gemaak wat nie so goed afgeloop het nie. Dalk voel jy ook soos 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Moeg en uitgeput, moedeloos en desperaat en depressief.

Ons storie is soos 'n lamp van hoop wat opgehou word. Die Here kom gee vir ons die kans om te kies om om te draai.

Die verlore familie:

Rut 1 kan ons beweging vir beweging vergelyk met die storie van die verlore seun van die Nuwe Testament.

- Elimeleg kies om na 'n vreemde land te gaan
- Daar verloor hy sy lewe en Naomi onthou weer vir God
- Sy maak die keuse om terug te gaan na haar land
- In die dorp is daar groot opgewondenheid oor haar terugkoms

- Ons lees van die belofte in vers 22 dat hulle terug is in die land met die begin van die garsoes

Die woord "prodigal" beteken in Engels "recklessly spendthrift". Die beste Afrikaanse vertaling van die woord is "roekeloos spandabelrig". Ons leer God in die verhaal van die verlore seun, en in die verhaal van hierdie verlore familie, as die een wat roekeloos spandabelrig is met sy genade.

Vir Kleingroepe:

Ontmoet mekaar

Deel met mekaar hoogtepunte en laagtepunte van die week. Gesels ook oor krisisse wat jy dalk al beleef het (wees sag met mekaar en luister mooi as iemand iets diep deel)

Ontmoet God

Laat een persoon 'n kers aansteek en probeer fokus hoekom julle as groep bymekaar is. Laat iemand 'n gebed doen.

Deel met mekaar

Laat iemand die teks lees uit Rut 1.

- Gee geleentheid dat elkeen deel wat hulle in die gedeelte hoor en wat vir hulle uitstaan?
- Deel met mekaar 'n paar besluite waar jy dink jy die regte besluit geneem het maar deel ook met

mekaar keuses waar jy heeltemal
verkeerde keuses gemaak het.

- Bemoedig mekaar met die woorde uit Rigters 1:22b: “Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes”.

Bid saam

Draai 2/2 na mekaar en bid in kleiner groepies vir mekaar se persoonlike behoeftes.